NUUSBRIEF

KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

DATUM VAN UITGAWE: DESEMBER 2018

BOODSKAP VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Die jaar is vinnig besig om sy einde te bereik. As Karoo Hoogland Munisipaliteit, strewe ons daarna om ons kern besigheid naamlik kwaliteit dienslewering aan al ons mense te lewer wat onder andere insluit, vullisverwydering, sanitasie, watervooorsiening en elektrisiteit aan huishoudings.

Van tyd tot tyd vra ons ook insette van die gemeenskap sodat ons as plaaslike regering ons dienste kan verbeter. Ons bedank graag die gemeenskap vir hul positiewe insette deur die jaar asook vir die verskil wat jul maak in ander se lewens.

As ons as munisipaliteit en die gemeenskap in die Karoo Hoogland Munisipale area saamwerk kan ons defnitief meer en beter doen. As munisipaliteit verbind ons onsself tot samewerking.

AGTERSTALLIGE REKENINGE

'n Oorhandigingsproses is vanaf begin Desember 2018 van stapel gestuur indien rekeninge agterstallig is en nie reëlings vir afbetalings getref is by die Munisipaliteit nie.

OUDITEUR GENERAAL : OUDIT OPINIE

Karoo Hoogland Munisipaliteit het vanjaar vir die eerste keer in geskiedenis 'n Ongekwalifiseerde Oudit Opinie ontvang vir die oudit gedoen vir 2017/2018 finansiële boekjaar. Dit is bereik deur harde werk en toegewydheid van die betrokke personeel. Ons bedank Mnr SJ Myburgh en sy span en hoop dat ons hierop kan voortbou.

SDF / RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK

Die proses het reeds afgeskop gedurende September 2018 en word beoog om teen Mei 2019 afgehandel te wees. Die gemeenskap word versoek om deel te neem aan die volgende publieke deelname prosesse gedurende Februarie 2019 om ook u insette te deel as poging tot 'n verbeterde bestuur van grondgebruik en ruimtelike ontwikkeling in lyn met riglyne en die "National Growth and Development Plan 2030".

VANDALISME

Vandalisme bly steeds 'n **groot probleem** by **begraafplase**, eiendom wat onbewoon asook bewoon is, Raads-eiendom, verkeerstekens, straatligte, vulliskampies, **sportgronde** en omheinings. 'n Ernstige beroep word op die Gemeenskap, SAPD, Wykskomitee-lede, Kerklike- en Jeug Organisasies, Staatsdepartemente en ouers gedoen om hande te vat en oë oop te hou sodat vandalisme aangespreek en gerapporteer kan word sook moontlik voorkom en **hokgeslaan** kan word. Die gemeenskap word ook versoek om meer **waaksaam** te wees gedurende Desember en Januarie veral met die oog op inbrake. Persone met geldige bewyse wat lei tot suksesvolle vervolging sal beloon word.

KAPITAAL PROJEKTE : VORDERING

SUTHERLAND SPORTGRONDE (MIG 1307)
Finale Fase is 95 % voltooi.
Totale projekwaarde: R 7,5 miljoen

SUTHERLAND WATERSUIWERINGSWERKE (MIG)
99 % voltooi. Totale projekwaarde: R 18 miljoen

SUTHERLAND INTERNE WATERNETWERK (MIG)
Fase 1 is 30% voltooi van die totale fase 1 waarde wat R6 miljoen is.
Totale projekwaarde: R 24 miljoen

WILLISTON PLAVEI VAN STRATE (MIG)
Fase 1 is 10% voltooi van die totale fase waarde wat R6 miljoen is.
Totale projekwaarde: R 30 miljoen

WILLISTONBULK WATER (WSIG)
Finale Fase is 99% voltooi. (Wag vir ESKOM vir kragtoevoer) Totale projekwaarde: R 5 miljoen

EEDSM & ELEKTRISITEITSPROJEKTE: Williston & Fraserburg
Totale projekwaarde : R4 miljoen
Begin Januarie 2019

Sutherland Watersuiweringswerke

Op die foto hierbo is Mnr JJ Fortuin, Munisipale Bestuurder van Karoo Hoogland Munisipaliteit by twee van die MIG Kantoor (Pretoria) se amptenare tydens 'n besoek aan Sutherland om die vordering op projekte na te gaan.

MUNISIPALE KANTORE : SLUITINGSTYE

Die Munisipale Kantore sal op 21 Desember 2018 om 11:00 sluit en weer op 7 Januarie 2019 om 08:00 open vir die publiek.

ESKOM BEURTKRAG

U word herinner dat beurtkrag tans toegepas word.

NUUSBRIEF

KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

DATUM VAN UITGAWE: DESEMBER 2018

VERSOEKE AAN GEMEENSKAP

- Gebruik asseblief die vulliskampies SLEGS vir tuinvullis. Daar sal 'n R320 boete gehef word op oortreders se rekeninge indien die Munisipaliteit hul tuinvullis of dooie diere buite die kampies moet verwyder.
- Swartsakke is slegs vir huishoudelike vullis en mag nie in die vulliskampies gestort word nie.
- Indien diere sou sterf, kontak die Voorman om dit te verwyder.
- Respekteer geliefdes se laaste rusplek en moenie die begraafplase as deurloop gebruik nie.
- Skriftelike voorstelle ter verbetering van die munisipaliteit word verwelkom.
- Verjaag kinders weg van die Oksidasiedamme. Geen persone mag in die Oksidasie damme swem nie. Dit is lewensgevaarlik.
- Voorkom die plant van bome op sypaadjies direk onder die kraglyne.
- Indien diere (met verwysing na plaasdiere) in die dorp aangehou wil word, moet skriftelike toestemming van die Munisipale Bestuurder aangevra word waarna voorwaardes aan eienaars gestel sal word ten einde Gesondheidswetgewing na te kom. Konsep verordeninge sal gedurende Maart 2019 adverteer word vir u insette.
- Geen bouwerk of oprig van nuwe strukture mag geskied sonder die indien en goedkeuring van u bouplanne by die Munisipaliteit nie.
- Skriftelike aansoeke vir Huiswinkels moet aan die Munisipale Bestuurder gerig word.
- Aansoeke vir optogte moet 7 werskdae voor die optog ingedien word.
- Plaaslike Kontrakteurs en Dienste Verskaffers word versoek om op die CSD te registreer sodat die Munisipaliteit plaaslik kan besigheid doen.

REGISTREER VIR SUBSIDIES

Doen aansoek vir deernis-subsidie en ontvang : 50 kwh elektrisiteit, 6kl gratis water, gratis vullis-verwydering en sanitasie dienste.

- Kontak u **wyksraadslid** vir meer inligting of besoek die munisipale kantore vir hulp in die verband.

Sutherland Sportgronde

KONTAK ONS KANTORE

TEL : 053 3913 003
FAKS : 053 3913 294
Mulder straat, Williston, 8920
info@karoohoogland.gov.za

Besoek ook ons **webwerf:**
www.karoohoogland.gov.za

BYSTAND NOMMERS

Williston 076 927 4738
Fraserburg 084 399 1043
Sutherland 072 729 3160

Rapportering van brande, rampe en pad-ongelukke:
NOODNOMMER: 10177

SAPD: 10111

Datums van volgende Raadsvergaderings vir 2019:
30 Januarie 2019

Hou ook die koerant en die kennisgewings dop vir die publieke deelname prosesse van die GOP wat gedurende Februarie 2019 sal plaasvind.

U insette is baie belangrik vir Karoo Hoogland se toekoms!

KLAGTES

Die gemeenskap word weereens herinner daaraan om gebruik te maak van die klagteboeke by die munisipale kantore. Dit is 'n tendens dat klagtes tydens gemeenskapsvergaderings aangemeld word. U word versoek om die regte kanale te volg en om klagtes skriftelik aan te meld sodat dit opgevolg kan word.

U word 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar toegewens. Ons gebed is dat ons Hemelse Vader se beskermende hand oor almal sal wees. Mag ons almal die vrede en liefde van die kerstyd ervaar!